

OPDRAG: Lees die grappies uit *Huisgenoot Digitaal* en beantwoord dan die taalvrae wat na elkeen volg:

WELDAAD

Koos staan voor die hemelpoort.

Die engel vra hom: "Het jy enigiets goeds op aarde gedoen?"

"Ja," sê Koos, "ek kan onthou toe ek by 'n motorfietsaamtrek was en 'n klomp *bikers* 'n meisie lastig val."

"En wat het jy toe gedoen wat so goed was?" vra die engel.

"Ek het reguit na die grootste ou gestap, hom hard met die vuis bygedam, sy neusring uit sy neus geruk en sy motorfiets omgegooi.

"Toe sê ek vir hulle: 'As julle haar nie nou uitlos nie, dan wys ek vir julle waar David die wortels gegrawe het!'"

"En wanneer het dit gebeur?" vra die engel.

"Net 'n paar minute gelede," antwoord Koos.

Huisgenotjies, 20 April 2018

1. Sê in jou eie woorde wat 'n **weldaad** is. (1)
2. Verklaar die funksie van die voegsel **ge-** soos dit in hierdie grappie gebruik word. (1)
3. Skryf 'n woord uit die grappie neer waar die funksie van die agtervoegsel is om die oortreffende trap aan te dui. (1)
4. **Motorfietsaamtrek** is 'n voorbeeld van 'n (afleiding / samestellende afleiding / samestelling). (1)
5. Waarom word **motorfietsaamtrek** met twee **s**'e geskryf? (1)
6. Gebruik enige woord van jou keuse uit die grappie om te verduidelik wat Homonieme is. (2)
7. Maak 'n sin met die homofoon van **hard**. (1)
8. Skryf die idioom neer wat in die grappie gebruik word en sê dan wat die idioom beteken. (1)
9. Gebruik die inhoud van die grappie en verduidelik wat met Koos gebeur het nadat hy die grootste *biker* beetgekry het. (1)
10. Maak gebruik van die inhoud van hierdie grappie om te verduidelik wat is stereotipering. (2)

NUWE IDIOM?

Wie laaste lag . . . verstaan nie eintlik die grap nie.
'n Ander man se boeke . . . moet teruggegee word.
Buig die boompie . . . en jy is in die moeilikheid.
Wie in glashuise woon . . . moet dikwels ruite was.

Huisgenotjies, 10 November 2017

11. In die woord **idioom** is daar ook 'n opeenhoping van klinkers. Waarom is dit nie nodig om 'n deelteken in die woord te gebruik nie? (1)
12. Skryf 'n woord neer waarin die agtervoegsel die stam verander na 'n s.nw. (1)
13. Maak 'n sin met die homofoon van **moet**. (1)
14. Verskaf 'n gepaste sinoniem vir **ruite**. (1)
15. Skryf enige TWEE van die idiome in die grappie korrek neer en sê ook wat elkeen beteken. (2)

KLEIN EN KOUD

Toe Jannie van die skool af kom, vra sy ma wat hy alles dié dag geleer het.
Jannie: "Ons het geleer van hondjies, perdjies en babatjies wat doodgaan van die koue."
Sy ma: "Ag, nee. Watter verskriklike goed leer die onderwysers julle dan deesdae?"
Jannie: "My juffrou het gesê dis verkluinwoorde."

Huisgenotjies, 10 November 2017

16. Watter klankverskynsel kom voor tydens die uitspraak van hondjies, perdjies en babatjies? (1)
17. Bewys dat **babatjies** uit 3 lettergrepe asook drie morfeme bestaan. (3)
18. Skryf een woord neer wat gebruik kan word in plaas van **doodgaan van die koue**. (1)
19. Korrigeer Jannie se fout in die laaste reël. (1)
20. Watter klankverskynsel dra na jou mening by tot die verwarring? Verduidelik jou antwoord. (2)

DOL DEFINISIE

V: Wat is 'n optimis?

A: 'n Man wat die motor laat luier terwyl hy vir sy vrou wag.

Huisgenotjies, 16 Maart 2018

21. Skryf 'n antoniem vir **optimis** neer. (1)
22. Gee die korrekte definisie vir 'n **optimis**. (1)
23. Wat impliseer die grappie oor vrouens? (1)
24. Skryf 'n meer formele sinoniem vir **sy vrou** neer. (1)